VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1.Wat sê Rom 11:36?
2.Wat beteken dit vir jou?
3.Hoe kan God met ons wees in moeilike tye?
4.Wat beteken : God laat alles goed meewerk?

Dinsdag

1. Verduidelik: "Ons doen alles tot eer van die Here"?
2. Hoe kan ek skool gaan tot eer van die Here?
3. Hoe kan ek God verheerlik by die skool?
4. As ek lelik is met iemand hoe voel God se hart?

Woensdag

1. Op watter maniere kan ek en my vriende God verheerlik?
2. Is daar iemand wat jy van weet wat nie die Here ken nie?
3. Wat kan jy doen?
4. Dink jy, jy kan iemand meer leer van God?

Donderdag

1. Hoe kan ons as gesin, die Here loof en eer?
2. Watter maniere gebruik die kerk om die Here te verheerlik?
3. Hoe kan ek my familie help?
4. Hoekom sê jy so?

Ons is gemaak om God te verheerlik
Romeine 11:33-36

33 O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë!

34 "Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad?

35 Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?"

36 Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen



Here, dankie dat ons altyd kan vashou aan die wete dat U in beheer is en help ons om alles tot eer van U wil te doen. Amen

AKTIWITEIT VIR DIE WEEK